NG GEMEENTE ELARDUSPARK (OOSTELIKE SINODE)

Vakature - voltydse Jeugleraarspos (hoërskool, studente en jong werkendes)

GEMEENTEPROFIEL:

Elarduspark is ‘n makrogemeente in die ooste van Pretoria wat tans deur vyf voltydse leraars, elk met ‘n eie spesialisasieterrein, bedien word. Daar is verskeie kleuterskole, asook ‘n groot laer- en hoërskool in die omgewing. Daar is 1674 dooplidmate in die gemeente.

VERGOEDING:

Volgens sinodale riglyne waarby ingereken ‘n huissubsidie.

DIENSAANVAARDING:

1 Januarie 2018.

AMPSPLIGTE

Tienerdienste, kategese, weeklikse tienerbyeenkomste, studentebyeenkomste, kampe, uitreike. ‘n Volledige posbeskrywing is beskikbaar.

LERAARSPROFIEL

- Teologiese studente tans in hulle finale jaar, gelegitimeerde proponente en predikante van die NG Kerk.
- ‘n Volle spanspeler en dinamiese leierskap.
- Spanbouer wat gemaklik klein en groot groepe kan lei tot opbou van die Jeugbediening.
- ‘n Jeugdige en vernuwende bedieningstyl in pas met die moderne tegnologie.
- ‘n Goeie en gemaklike prediker wat die Skrif aktueel binne die lewenswêreld van die jeug kan vertolk.
- Vereenselwiging met die teologiese identiteit van Elarduspark.

BELANGSTELLENDES WORD VERSOEK OM OP DIE VOLGENDE TE LET EN TE REAGEER:

- Belangstellendes wat aansoek wil doen, moet so gou moontlik by kerkkantoor@ngelarduspark.org.za die volledige inligting bekom oor wat alles die aansoek moet vergesel.
- Aansoekers wat die kortlys haal moet beskikbaar wees vir ‘n onderhoud 6 - 9 November 2017.
- Die kerkraad behou die reg voor om nie die vakature te vul indien ‘n geskikte kandidaat nie gevind word nie.

SLUITINGSDATUM: **20 Oktober 2017**

NAVRAE: Ds Leon Westhof (leonwesthof@ngelarduspark.org.za), of 012 345 1144